**DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**Goewermentskennisgewing R1052** **18 Oktober 2006**

**SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET, WET 84 VAN 1996**
**REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING VAN OUERS VAN DIE BETALING VAN SKOOLGELD IN OPENBARE SKOLE**

Ná oorlegpleging met die Raad van Onderwysministers en die Minister van Finansies, en ingevolge artikel 39(4) en 61 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996), publiseer ek, Grace Naledi Mandisa Pandor, Minister van Onderwys, hiermee die regulasies in die bylae ter algemene inligting.

GRACE NALEDI MANDISA PANDOR LP
MINISTER VAN ONDERWYS
DATUM: 8 OKTOBER 2006

**BYLAE**

1. Woordomskrywing

Enige woord of uitdrukking waaraan in die Wet ŉ betekenis toegeken is, het dieselfde betekenis in hierdie Regulasies, en tensy die samehang anders aandui, beteken:

'aansoek' ŉ aansoek deur ŉ ouer om algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van die betaling van skoolgeld;

'algehele vrystelling' die finansiële vergunning:
(a) wat ooreenkomstig die berekeningsresultaat in regulasie 6(3) aan ŉ ouer toegestaan word; of
(b) tot ŉ ouer se beskikking as gevolg daarvan dat hy/sy vir die outomatiese vrystelling in regulasie 4(3) in aanmerking kom;

'bevoegde owerheid' onder meer ŉ hoofman, dominee of opperhoof, of ŉ raadslid van ŉ plaaslike raad;

'die Wet' die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996);

'gedeeltelike vrystelling' die finansiële vergunning wat aan ŉ ouer toegestaan word, ingevolge waarvan hy/sy aanspreeklik is vir die betaling van slegs ŉ gedeelte van die skoolgeld;

'inkomste':
(a) bruto salaris of lone;
(b) opbrengs op beleggings; en
(c) wins uit enige soort sake-onderneming;


Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.

'ouer' 'n ouer soos omskryf in die Wet;

'outomatiese vrystelling' die algehele vrystelling tot die beskikking van:

(a) 'n persoon met die verantwoordelikheid van ouer teenoor 'n kind in:
  (i) 'n pleeghuis;
  (ii) 'n jeugsorgsentrum;
  (iii) 'n plek van veiligheid; of
  (iv) 'n weeshuis;
(b) 'n familielid wat die versorging oorneem van 'n weeskind of kind wat:
  (i) deur sy/haar ouers verwerp is; en
  (ii) oor geen sigbare lewensmiddele beskik nie;
(c) 'n persoon wat namens 'n kind 'n maatskaplike toelaag ontvang; of
(d) 'n kind wat aan die hoof van 'n huishouding staan;

'totale jaarlikse bruto inkomste van ouers' die jaarlikse bruto inkomste van die ouers bymekaargetel, of indien 'n leerder slegs een ouer het, die algehele jaarlikse bruto inkomste van sodanige ouer;

'voorwaardelike vrystelling' die vrystelling wat aan 'n ouer toegestaan word wat:

(a) vir gedeeltelike vrystelling in aanmerking kom, maar weens persoonlike omstandighede buite sy/haar beheer selfs nie die verlaagde bedrag kan betaal nie;
(b) nie vir vrystelling in aanmerking kom nie, maar inligting aanbied wat op sy/haar onvermoë dui om skoolgeld te betaal weens persoonlike omstandighede buite sy/haar beheer,

welke vrystelling die skoolbeheerliggaam toestaan met dien verstande dat die ouer tot sekere voorwaardes vir die betaling van die skoolgeld instem; en

'vrystelling' die algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van die betaling van skoolgeld vir ouers wat dit nie kan bekostig nie.

2. Bestek en toepassing

(1) Hierdie Regulasies moet binne die raamwerk van die Wet en die Nasionale Norme en Standaarde vir die Finansiering van Skole vertolk word.
(2) Hierdie Regulasies geld vir alle openbare skole, buiten openbare skole wat as 'geen skoolgeld'-skole verklaar word.

3. Verpligtinge van beheerliggaam en skoolhoof wanneer leerder tot openbare skool toegelaat word

(1) Die skoolhoof moet 'n ouer van die volgende in kennis stel:
  (a) Die bedrag skoolgeld wat jaarliks betaal moet word en die prosedures vir aansoek om vrystelling
  (b) Die feit dat die ouer aanspreeklik is vir die betaling van skoolgeld, tensy hy/sy daarvan vrygestel is
  (c) Dat die ouer 'n vorm (aanhangsel A) wat in artikel 41(4)(c) van die Wet beoog word, moet invul, en dat die skoolhoof sowel as die ouer dit moet onderteken


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

om aan te dui dat die ouer van die bepalings in paragraaf (a) en (b) in kennis gestel is

(d) Dat een afskrif van die ondertekende vorm wat in paragraaf (c) beoog word, aan die ouer oorhandig sal word wanneer die leerder tot die openbare skool toegelaat word, ’n tweede afskrif so gou moontlik by die departementshoof of sy/haar gedelegeerde ingedien sal word, en die oorspronklike by die skool geliasseer sal word

(e) Dat indien ’n ouer ’n maand of langer agterstallig is, die beheerliggaam sal bepaal of die ouer vir vrystelling in aanmerking kom voordat daar ingevolge artikel 41(4) van die Wet opgetree word

(2) Die beheerliggaam moet toesien dat ’n afskrif van hierdie Regulasies op ’n opvallende plek by die skool vertoon word.

(3) Indien die ouer dit versoek, moet die beheerliggaam hom/haar van ’n afskrif van hierdie Regulasies voorsien.

(4) Die beheerliggaam moet alle inligting wat ’n ouer ter stawing van sy/haar aansoek indien as vertroulik hanteer, en mag nie sodanige inligting sonder die ouer se toestemming aan ’n derde party buiten die departementshoof of sy/haar gedelegeerde bekend maak nie.

4. Verpligtinge van ouers

(1) ’n Ouer wat met betrekking tot ’n kind by ’n bepaalde skool van die betaling van skoolgeld vrygestel wil word, moet jaarliks skriftelik by die voorsitter van die beheerliggaam om sodanige vrystelling aansoek doen deur die vorm in aanhangsel B van hierdie Regulasies van die skoolhoof aan te vra en te voltooi.

(2) ’n Aansoeker moet sodanige tersaaklike verdere besonderhede verstrek as wat die beheerliggaam kan versoek.

(3) ’n Ouer kom vir outomatiese vrystelling in aanmerking indien hy/sy sy/haar geskiktheid vir sodanige vrystelling aan die beheerliggaam kan toon deur middel van dokumentêre bewys in die vorm van:

(a) ’n beëdigde verklaring;

(b) ’n bevestigende beëdigde verklaring van ’n maatskaplike werker of enige ander bevoegde owerheid; of

(c) ’n hofbevel.

5. Kategorieë vir vrystellingsdoeleindes

Die volgende kategorieë geld vir die vrystelling van ’n ouer van die betaling van skoolgeld:

(1) Algehele vrystelling

(2) Gedeeltelike vrystelling

(3) Voorwaardelike vrystelling

(4) Geen vrystelling



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

6. Prosedure waarvolgens die beheerliggaam aansoeke moet beoordeel

(1) Die beheerliggaam moet die aansoek onderworpe aan hierdie Regulasies beoordeel, en moet binne 30 dae nadat die aansoek ontvang is 'n besluit neem.

(2)(a) Die beheerliggaam moet die volgende formule toepas wanneer die aansoek om vrystelling oorweeg word:

$$E = 100 \left[ \frac{F + A}{C} \right]$$

waar:
E = skoolgeld as 'n persentasie van 'n ouer se inkomste
F = jaarlikse skoolgeld vir een kind, wat 'n skool ingevolge artikel 39 van die Wet hef
A = bykomende monetêre bydraes wat 'n ouer met betrekking tot 'n leerder se bywoning van of deelname aan enige program van 'n openbare skool betaal
C = totale jaarlikse bruto inkomste van ouers
100 = die getal waarmee die antwoord tussen hakies vermenigvuldig word om dit na 'n persentasie om te reken

(b) Die jaarlikse skoolgeld van slegs een leerder moet in die formule gebruik word.

(c) Indien 'n ouer meer as een kind in dieselfde skool het en die skoolgeld nie vir hulle almal dieselfde is nie, moet die hoogste bedrag skoolgeld in die formule gebruik word.

(3) Indien E gelyk is aan of groter is as 10%, kom die ouer vir algehele vrystelling in aanmerking.

(4)(a) Indien E gelyk is aan 3,5%, kom die ouer vir gedeeltelike vrystelling in aanmerking.

(b) Indien E gelyk is aan 2,5%, kom die ouer nie vir enige vrystelling in aanmerking nie, tensy hy/sy drie of meer ander kinders in dieselfde openbare skool het óf by 'n ander openbare skool wat nie as 'n 'geen skoolgeld'-skool verklaar is nie.

(c) Indien E gelyk is aan 3,0%, kom die ouer nie vir enige vrystelling in aanmerking nie, tensy hy/sy een of meer kinders in dieselfde openbare skool het óf by 'n ander openbare skool wat nie as 'n 'geen skoolgeld'-skool verklaar is nie.

(5)(a) Indien E minder is as 2,0%, kom die ouer nie vir enige vrystelling in aanmerking nie.

(b) Indien E gelyk is aan 2,0%, kom die ouer nie vir enige vrystelling in aanmerking nie, tensy hy/sy vyf of meer ander kinders in dieselfde openbare skool het óf by 'n ander openbare skool wat nie as 'n 'geen skoolgeld'-skool verklaar is nie.

(6)(a) Die tabel hieronder bepaal die vlak van vrystelling.

(b) Die tabel geld slegs vir 'n ouer wat vir gedeeltelike vrystelling in aanmerking kom.

(c) Kolom 1 van die tabel geld vir 'n ouer met net een kind in 'n openbare skool.

(d) Kolom 2 tot 10 geld vir 'n ouer met meer as een kind in dieselfde openbare skool óf in meer as een openbare skool wat nie as 'geen skoolgeld'-skole verklaar is nie.

(e) Die beheerliggaam moet ál die leerders wat in paragraaf (d) beoog word in aanmerking neem wanneer die tabel toegepas word.

| E = | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | 8 | 9 | 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2.0% | 0% | 0% | 0% | 0% | 0% | 11% | 20% | 27% | 33% | 38% |
| 2.5% | 0% | 0% | 0% | 14% | 25% | 33% | 40% | 45% | 50% | 54% |


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

| | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 3.0% | 0% | 7% | 22% | 33% | 42% | 48% | 53% | 58% | 61% | 64% |
| 3.5% | 7% | 26% | 38% | 47% | 54% | 59% | 63% | 66% | 69% | 71% |
| 4.0% | 25% | 40% | 50% | 57% | 63% | 67% | 70% | 73% | 75% | 77% |
| 4.5% | 39% | 51% | 59% | 65% | 69% | 73% | 76% | 78% | 80% | 81% |
| 5.0% | 50% | 60% | 67% | 71% | 75% | 78% | 80% | 82% | 83% | 85% |
| 5.5% | 59% | 67% | 73% | 77% | 80% | 82% | 84% | 85% | 86% | 87% |
| 6.0% | 67% | 73% | 78% | 81% | 83% | 85% | 87% | 88% | 89% | 90% |
| 6.5% | 73% | 78% | 82% | 85% | 87% | 88% | 89% | 90% | 91% | 92% |
| 7.0% | 79% | 83% | 86% | 88% | 89% | 90% | 91% | 92% | 93% | 93% |
| 7.5% | 83% | 87% | 89% | 90% | 92% | 93% | 93% | 94% | 94% | 95% |
| 8.0% | 88% | 90% | 92% | 93% | 94% | 94% | 95% | 95% | 96% | 96% |
| 8.5% | 91% | 93% | 94% | 95% | 96% | 96% | 96% | 97% | 97% | 97% |
| 9.0% | 94% | 96% | 96% | 97% | 97% | 98% | 98% | 98% | 98% | 98% |
| 9.5% | 97% | 98% | 98% | 98% | 99% | 99% | 99% | 99% | 99% | 99% |
| 10.0% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% | 100% |

[Tabel vervang deur GK 1149 van 17 November 2006]

(7) Die beheerliggaam kan die toestaan van voorwaardelike vrystelling aan sodanige voorwaardes onderwerp as wat die beheerliggaam redelik ag.

(8) ŉ Aansoeker moet, indien hy/sy so versoek, ŉ geleentheid gegun word om sy/haar aansoek persoonlik of deur ŉ verteenwoordiger van sy/haar keuse voor te lê.

(9) Binne sewe dae nadat die beheerliggaam ŉ besluit geneem het, moet dit die aansoeker skriftelik van sodanige besluit en die rede daarvoor in kennis stel.

(10) Binne sewe dae nadat die beheerliggaam die dokumentêre bewys(e) ingevolge regulasie 4(3) oorweeg het, moet dit die ouer skriftelik in kennis stel of hy/sy vir outomatiese vrystelling in aanmerking kom of nie.

(11) ŉ Beheerliggaam moet jaarliks teen of voor die einde van die eerste skoolkwartaal ŉ voorlopige tabel met die volgende besonderhede by die departementshoof of sy/haar gedelegeerde indien:

(a) Die aantal aansoeke om skoolgeldvrystelling wat oorweeg is
(b) Die totale aantal vrystellings wat toegestaan is
(c) Die totale aantal gedeeltelike vrystellings wat toegestaan is
(d) Die aantal aansoeke wat nié toegestaan is nie

(12) ŉ Finale tabel moet jaarliks voor of op 30 November ingedien word.

(13) Indien ŉ aansoek ingevolge regulasie 4(1) van die hand gewys word, of ŉ ouer nie vir outomatiese vrystelling in aanmerking kom nie, moet die kennisgewings ingevolge subregulasie (9) en (10) ook die reg van appèl ingevolge artikel 40(2) van die Wet insluit.


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

(14) Indien ŉ ouer nie vir vrystelling in aanmerking kom nie, kan die beheerliggaam ingevolge artikel 41 van die Wet teen hom/haar optree, dog slegs nadat:

(a) die ouer ingevolge subregulasie (9) of (10), na gelang van omstandighede, in kennis gestel is; en

(b) ander redelike vorme van betaling buiten kontant oorweeg is.

7. Wysiging van besluit

(1) Indien ŉ beheerliggaam ŉ ouer vrystelling gee, en later inligting bekom dat die ouer se finansiële omstandighede sedertdien aansienlik verander het, kan die beheerliggaam:

(a) die toestaan van vrystelling heroorweeg; en

(b) die bedrag wat die ouer moet betaal, wysig vanaf die datum waarop die verandering ingetree het.

(2) Die gewysigde bedrag wat die ouer moet betaal, is die bedrag vir die volle jaar, minus die bedrag vrystelling wat aan hom/haar toegestaan is.

(3) Voor optrede ingevolge subregulasie (1), moet die beheerliggaam:

(a) die betrokke ouer van die voorgenome optrede sowel as die inligting waarop dit berus, in kennis stel;

(b) die ouer waar nodig die geleentheid gun om die inligting te weerlê en aan te toon waarom die vrystelling nie heroorweeg behoort te word nie.

(4) Ondanks subregulasie (1), moet die bedrag wat die ouer moet betaal, bereken word vanaf die datum waarop sy/haar finansiële omstandighede verander het.

8. Prosedure vir appèl

(1) ŉ Ouer wat ontevrede is met die besluit waarna regulasie 6(1) verwys, kan skriftelik en binne 30 dae nadat hy/sy van sodanige besluit in kennis gestel is, by die departementshoof daarteen appelleer.

(2) Die appellant ingevolge subregulasie (1) moet die departementshoof van die volgende inligting voorsien:

(a) Die redes vir die appèl

(b) Alle tersaaklike inligting met betrekking tot die appèl

(3) Binne 14 dae nadat hy/sy die dokumente ingevolge subregulasie (2) ontvang het, moet die departementshoof:

(a) die voorsitter van die betrokke beheerliggaam in kennis stel dat:

(i) die appèl ingedien is; en

(ii) die beheerliggaam enige optrede ingevolge artikel 41 van die Wet moet terughou totdat die appèl afgehandel is;

(b) die beheerliggaamvoorsitter van ŉ afskrif van die appellant se redes vir die appèl voorsien; en

(c) die beheerliggaamvoorsitter versoek om hom/haar binne 14 dae te voorsien van:

(i) ’n afskrif van die notule van die beheerliggaamvergadering waar die aansoek bespreek en beslis is;

(ii) enige kommentaar wat die beheerliggaam op die appellant se redes vir appèl wil lewer; en

(iii) enige ander inligting met betrekking tot die appèl.

(4) Ná oorweging van alle inligting waarna subregulasie (2) en (3)(c) verwys, moet die departementshoof binne 14 dae nadat hy/sy die dokumente ontvang het:

(a) die appèl handhaaf; of

(b) die appèl van die hand wys.

(5) Binne sewe dae nadat hy/sy die appèl beslis het, moet die departementshoof die appellant en die voorsitter van die betrokke beheerliggaam skriftelik van sy/haar besluit en die redes daarvoor in kennis stel.

(6) ’n Ouer het die reg om by die departementshoof te appelleer indien hy/sy nie tevrede is met die kennisgewing ingevolge regulasie 6(10) nie.

9. Bystand aan ouers

(1) ’n Ouer wat om watter rede ook al hulp nodig het om ’n aansoek om vrystelling of ’n appèl in te dien, kan ’n opvoeder of enige ander persoon vra om hom/haar met sodanige aansoek of appèl by te staan.

(2) Indien die ouer ná ’n versoek ingevolge subregulasie (1) geen hulp ontvang nie, moet die betrokke skoolhoof die ouer op versoek met sodanige aansoek of appèl bystaan.

(3) Geen aansoeker kan gediskwalifiseer word op grond daarvan dat sy/haar aansoekvorm hetsy verkeerd voltooi of onvolledig is nie.

(4) Die skoolhoof of die opvoeder wat in die beheerliggaam van die betrokke skool dien, moet ouers met enige onvolledige aansoekvorms bystaan.

10. Bystand aan skole

(1) Die provinsiale onderwysdepartement moet maatreëls ontwikkel om skole te help om die formule ingevolge regulasie 6 toe te pas.

(2) ’n Openbare skool kan die provinsiale onderwysdepartement om hulp met die toepassing van die formule nader.

11. Vrywillige bydraes

Niks in die Regulasies weerhou ’n ouer aan wie enige soort vrystelling toegestaan is daarvan om ’n vrywillige bydrae tot die skoolfonds te maak nie.



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

12. Herroeping van Regulasies

Die Regulasies vir die Vrystelling van Ouers van die Betaling van Skoolgeld, 1998 (Staatskoerant 19347 van 12 Oktober 2008), word hiermee in sy geheel herroep.

13. Kort titel en inwerkingtreding

Hierdie Regulasies is bekend as die Regulasies vir die Vrystelling van Ouers van die Betaling van Skoolgeld, 2005, en sal op die datum van publikasie in die Staatskoerant van krag word. Die inwerkingstellingsdatum is 1 Januarie 2007.

AANHANGSEL A

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET 84 VAN 1996

REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING VAN OUERS VAN DIE BETALING VAN SKOOLGELD

KONTROLELYSVORM*

(Maak ŉ kruis in die toepaslike blokkie.)

1. Het die skoolhoof jou van die jaarlikse bedrag skoolgeld in kennis gestel?
JA NEE

2. Het die skoolhoof jou in kennis gestel dat jy aanspreeklik is vir die betaling van skoolgeld, tensy jy geheel en al daarvan vrygestel is? JA NEE

3. Het die skoolhoof jou in kennis gestel van jou reg om om vrystelling van die betaling van skoolgeld aansoek te doen? JA NEE

4. Wil jy om sodanige vrystelling aansoek doen? JA NEE

5. Het jy hulp nodig met sodanige aansoek? JA NEE

6. Het die skoolhoof jou van die vorm (aanhangsel B) vir ŉ aansoek om vrystelling voorsien?
JA NEE

________________________________
Naam van skoolhoof

________________________________
Naam van ouer

________________________________
Handtekening van skoolhoof



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

__________________________________
Handtekening van ouer

__________________________________
Datum

Skoolstempel: Datum: __________________________

*Een afskrif van die ondertekende vorm gaan aan die ouer, een afskrif aan die Departementshoof of sy/haar gedelegeerde, terwyl die oorspronklike by die skool geliasseer word.

AANHANGSEL B

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET 84 VAN 1996

REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING VAN OUERS VAN DIE BETALING VAN SKOOLGELD

AANSOEK OM VRYSTELLING

1. BESONDERHEDE VAN SKOOL

Naam: ______________________________________________________
Posadres: ___________________________________________
___________________________________________________
___________________________________________________
___________________________________________________
Straatadres: _________________________________________
____________________________________________________
____________________________________________________
____________________________________________________
Tel: ______________________________________
Faks: _____________________________________

2. PERSOONLIKE BESONDERHEDE VAN OUER

Naam van ouer:[1]

_____________________________________
Woonadres:
_____________________________________
_____________________________________
_____________________________________

Tel: __________________________________

[1] 'Ouer' beteken (a) 'n natuurlike ouer of voog van 'n leerder, (b) 'n persoon wat volgens wet geregtig is op toesig oor 'n leerder, of (c) 'n persoon wat onderneem om, met betrekking tot 'n leerder se skoolonderrig, die pligte te vervul van 'n persoon waarna paragraaf (a) en (b) verwys.


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

Faks: ________________________________

Naam van leerder op wie aansoek betrekking het:
_____________________________________________

Naam/name van leerder(s) in dieselfde openbare skool óf 'n ander openbare skool wat nie as 'n 'geen skoolgeld'-skool verklaar is nie:

Naam, ID-nr, graad, bedrag skoolgeld, bykomende monetêre bydraes, naam van skool, telefoonnr van skool

(1)
(2)
(3)
(4)
(5)
(6)
(7)
(8)
(9)
(10)

3. FINANSIËLE BESONDERHEDE VAN OUER

Die ouer moet, waar toepaslik, die volgende inligting verstrek:

3.1 Totale jaarlikse bruto inkomste:
R____________________________________
(Heg salarisstrokie aan, indien toepaslik)

3.2 Opbrengs op beleggings:
R____________________________________
(Lewer asseblief dokumentêre bewys)

3.3 Wins uit enige soort sake-onderneming:
R___________________________________
(Lewer asseblief dokumentêre bewys)

3.4 Skoolgeld vir die aansoeker se kind in die betrokke skool:
R____________________________________

3.5 Bykomende monetêre bydraes wat 'n ouer met betrekking tot 'n leerder se bywoning van of deelname aan enige program van 'n openbare skool betaal:
R____________________________________

4. BYKOMENDE INLIGTING

Enige ander tersaaklike inligting wat die aansoeker kan verstrek om te toon dat hy/sy weens persoonlike omstandighede nie skoolgeld kan betaal nie, wat tot voorwaardelike vrystelling kan aanleiding gee:

___________________________________________________________________________
___________________________________________________________________________
___________________________________________________________________________
___________________________________________________________________________
___________________________________________________________________________
___________________________________________________________________________
___________________________________________________________________________
___________________________________________________________________________
___________________________________________________________________________
___________________________________________________________________________
___________________________________________________________________________

5. INDIENING VAN AANSOEKVORM

Die aansoekvorm en gepaardgaande dokumente moet verseël word in ŉ koevert wat aan die voorsitter van die beheerliggaam gerig is, en moet met die hand of geregistreerde pos by die betrokke skool afgelewer word.

Naam van ouer: ________________________________________
Naam van voorsitter: ____________________________________
Handtekening van ouer: __________________________________
Handtekening van voorsitter: ______________________________
Datum: ________________________________________________
Skoolstempel: Datum: _____________________

AANHANGSEL C

SUID-AFRIKAANSE SKOLEWET 84 VAN 1996

REGULASIES VIR DIE VRYSTELLING VAN OUERS VAN DIE BETALING VAN SKOOLGELD

1. Algehele vrystelling

1.1 Illustrasie

ŉ Ouer het een kind in die betrokke skool. Jaarlikse skoolgeld beloop R2 500; jaarlikse bykomende monetêre bydraes beloop R20, en die ouer se jaarlikse bruto inkomste is R25 200.

Om vas te stel of die ouer vir vrystelling in aanmerking kom, moet die volgende formule toegepas word:

$$E = 100 \left[ \frac{F+A}{C} \right]$$


Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.

$$E = 100 \left[ \frac{2\,500 + 20}{25\,200} \right]$$

$$E = 100 \left[ \frac{2\,520}{25\,200} \right]$$

E = 100 (0,1)

E = 10%

Aangesien E gelyk is aan 10%, kom die ouer ingevolge regulasie 6(3) vir algehele vrystelling in aanmerking.

1.2 Illustrasie

'n Ouer wie se jaarlikse bruto inkomste R20 000 is, doen aansoek om vrystelling van die jaarlikse skoolgeld van R2 500 per leerder, by 'n skool waar die jaarlikse bykomende monetêre bydraes R20 beloop.

Om vas te stel of die ouer vir vrystelling in aanmerking kom, moet die volgende formule toegepas word:

$$E = 100 \left[ \frac{F+A}{C} \right]$$

$$E = 100 \left[ \frac{2\,500 + 20}{20\,000} \right]$$

$$E = 100 \left[ \frac{2\,520}{20\,000} \right]$$

E = 100 (0,126)

E = 12,6%

E > 10%

Aangesien E groter is as 10%, kom die ouer ingevolge regulasie 6(3) vir algehele vrystelling in aanmerking.

1.3 Illustrasie

'n Ouerpaar het een kind in die betrokke skool, en die jaarlikse skoolgeld beloop R5 000. Die jaarlikse bykomende monetêre bydraes beloop R500. Die ouers se jaarlikse bruto inkomste is R20 000.



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

FEDSAS

Om vas te stel of die ouers vir vrystelling in aanmerking kom, moet die volgende formule toegepas word:

$$E = 100 \left] \frac{F+A}{C} \right[$$

$$E = 100 \left] \frac{5\,000 + 500}{20\,000} \right[$$

$$E = 100 \left] \frac{5\,500}{20\,000} \right[$$

E = 100 (0,275)

E = 27,5%

E > 10%

Aangesien E groter is as 10%, kom die ouers ingevolge regulasie 6(3) vir algehele vrystelling in aanmerking.

2. Gedeeltelike vrystelling

2.1 Illustrasie

’n Ouer het een kind in die betrokke skool. Die jaarlikse skoolgeld is R2 500; jaarlikse bykomende monetêre bydraes beloop R20, en die ouer se jaarlikse bruto inkomste is R30 000.

Om vas te stel of die ouer vir vrystelling in aanmerking kom, moet die volgende formule toegepas word:

$$E = 100 \left[ \frac{F+A}{C} \right]$$

$$E = 100 \left[ \frac{2\,500 + 20}{30\,000} \right]$$

$$E = 100 \left[ \frac{2\,520}{30\,000} \right]$$

E = 100 (0,084)

E = 8,4% (afgerond tot 8,5%)

E < 10%



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

Aangesien E minder is as 10%, kom die ouer ingevolge regulasie 6(4) vir gedeeltelike vrystelling in aanmerking.

Om die vlak van vrystelling te bepaal, moet die tabel in regulasie 6(6) gebruik word.

Daarom, omdat die ouer een kind in die betrokke skool het, en die persentasie van sy/haar besteding oor inkomste 8,5% is, kom die ouer vir ʼn 91%-vrystelling van skoolgeld in aanmerking.

Jaarlikse skoolgeld = R2 500
Vlak van vrystelling = 91%
91% van R2 500 = R2 275

Die jaarlikse skoolgeld by die betrokke skool, minus die bedrag vrystelling wat hierbo bereken is, is dus die bedrag wat die ouer moet betaal, en word soos volg bereken:

R2 500
- R2 275
= R225

Die ouer moet dus R225 skoolgeld betaal.

2.2 Illustrasie

ʼn Ouer se jaarlikse bruto inkomste is R28 000. Jaarlikse skoolgeld vir een leerder is R2 500, en die jaarlikse bykomende monetêre bydraes beloop R20. Die ouer het nóg ʼn kind in dieselfde skool, en twee ander kinders in ʼn ander openbare skool wat nie as ʼn 'geen skoolgeld'-skool verklaar is nie.

Om vas te stel of die ouer vir vrystelling in aanmerking kom, moet die formule soos volg met betrekking tot een kind toegepas word:

$$E = 100 \left[ \frac{F+A}{C} \right]$$

$$E = 100 \left[ \frac{2\,500 + 20}{28\,000} \right]$$

$$E = 100 \left[ \frac{2\,520}{28\,000} \right]$$

$$E = 100\ (0{,}09)$$

$$E = 9\%$$

$$E < 10\%$$


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

Aangesien E minder is as 10%, kom die ouer vir gedeeltelike vrystelling in aanmerking. Om die vlak van vrystelling vas te stel, moet die tabel in regulasie 6(6) gebruik word, maar hierdie keer moet ál vier kinders in berekening gebring word (met ander woorde, die ouer moet in die vierde kolom onder 'Aantal kinders' in die tabel kyk). Op grond van vier kinders en 9% besteding oor inkomste (soos hierbo bereken), kom die ouer dus vir 'n 97%-vrystelling in aanmerking.

Jaarlikse skoolgeld = R2 500
Vlak van vrystelling = 97%
97% van R2 500 = R2 425

Die jaarlikse skoolgeld by die betrokke skool, minus die vlak van vrystelling wat hierbo bepaal is, is die bedrag wat die ouer moet betaal, en word soos volg bereken:

R2 500
- R2 425
= R75

Die ouer moet dus R75 skoolgeld betaal.

3. Geen vrystelling

3.1 Illustrasie

'n Ouer het een kind in die betrokke skool. Die jaarlikse skoolgeld is R2 500; die jaarlikse bykomende monetêre bydraes beloop R20, en die ouer se jaarlikse bruto inkomste is R126 000.

Om vas te stel of die ouer vir vrystelling in aanmerking kom, moet die volgende formule toegepas word:

$$E = 100 \left[ \frac{F+A}{C} \right]$$

$$E = 100 \left[ \frac{2\,500 + 20}{126\,000} \right]$$

$$E = 100 \left[ \frac{2\,520}{126\,000} \right]$$

E = 100 (0,02)

E = 2%

Aangesien E gelyk is aan 2%, kom die ouer ingevolge regulasie 6(5) nie vir enige vrystelling in aanmerking nie, en moet die ouer dus die volle skoolgeld betaal. Indien die ouer egter ses of meer kinders in die skool gehad het, sou hy/sy vir gedeeltelike vrystelling in aanmerking kom.


**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**

3.2 Illustrasie

’n Ouer het een kind in die betrokke skool. Die jaarlikse skoolgeld beloop R2 500; die jaarlikse bykomende monetêre bydraes is R20, en die ouer se jaarlikse bruto inkomste is R150 000.

Om vas te stel of die ouer vir vrystelling in aanmerking kom, moet die volgende formule toegepas word:

$$E = 100 \left[ \frac{F+A}{C} \right]$$

$$E = 100 \left[ \frac{2\,500 + 20}{150\,000} \right]$$

$$E = 100 \left[ \frac{2\,520}{150\,000} \right]$$

E = 100 (0,0168)

E = 1,68%

E < 2%

Aangesien E minder is as 2%, kom die ouer ingevolge regulasie 6(5) nie vir enige vrystelling in aanmerking nie, en moet die ouer dus die volle skoolgeld betaal.



**Hierdie dokument is deur FEDSAS vertaal. Die amptelike gepubliseerde weergawe is slegs in Engels gepubliseer.**